Argief


# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

*UITGAWE OP GESAG.* VAN SUIDWES-AFRIKA. *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

10c **Wednesday 3 February 1971** **WINDHOEK** **Woensdag 3 Februarie 1971** **No. 3137**


CONTENTS | INHOUD | *Page/Bladsy*


**DRAFT ORDINANCE:—** | **ONTWERPORDONNANSIE:—**

Accommodation Establishments and Tourism Amendment Draft Ordinance, 1971 . . . | Wysigingsontwerpordonnansie op Huisvestingsinrigting en Toerisme, 1971 . . . . . 93


## Draft Ordinance

The following Draft Ordinance is published for general information.

J. J. KLOPPER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

## Ontwerpordonnansie

Die volgende Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

# DRAFT ORDINANCE

To amend the Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1967 (Ordinance 29 of 1967), in order to provide for the registration of holiday farms and pensions as accommodation establishments and for incidental matters.

---

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

Amendment of section 1 of Ordinance 29 of 1967, as amended by section 1 of Ordinance 11 of 1969.

1. Section 1 of the Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1967 (Ordinance 29 of 1967), hereinafter referred to as the principal ordinance, is hereby amended by the substitution for paragraph (iii) of the following paragraph:

"(iii) "accommodation establishment" means any premises in or on which the business of providing accommodation and meals for reward to tourists is or is intended to be conducted and includes a rest camp, guest farm, holiday farm, pension, caravan park and safari undertaking where accommodation with or without other services for reward to tourists is provided";

Amendment of section 12 of Ordinance 29 of 1967, as amended by section 3 of Ordinance 11 of 1969.

2. Section 12 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (h) of subsection (1) of the following paragraph:

"(h) the exemption of any accommodation establishment from all or any of the requirements for registration under this ordinance".

Short title.

3. This Ordinance shall be called the Accommodation Establishments and Tourism Amendment Ordinance, 1971.

# ONTWERPORDONNANSIE

Ter wysiging van die Ordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme 1967 (Ordonnansie 29 van 1967), om voorsiening te maak vir die registrasie van vakansieplase en pensions as huisvestingsinrigtings en vir aanverwante sake.

---

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 29 van 1967 soos gewysig deur artikel 1 van Ordonnansie 11 van 1969.

1. Artikel 1 van die Ordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme 1967 (Ordonnansie 29 van 1967), hierna die hoofordonnansie genoem, word hierby gewysig deur paragraaf (iii) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(iii) „huisvestingsinrigting", enige perseel waarin of waarop die besigheid om huisvesting en etes teen vergoeding aan toeriste te verskaf, gedryf word of na voorneme gedryf gaan word en sluit in 'n ruskamp, gasteplaas, vakansieplaas, pension, karavaanpark en safari-onderneming waar huisvesting met of sonder ander dienste teen vergoeding aan toeriste verskaf word";

Wysiging van artikel 12 van Ordonnansie 29 van 1967 soos gewysig deur artikel 3 van Ordonnansie 11 van 1969.

2. Artikel 12 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (h) van subartikel (i) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(h) die vrystelling van enige huisvestingsinrigting van al of enige van die vereistes vir registrasie ingevolge hierdie ordonnansie".

Kort titel.

3. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme, 1971.

---